# Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 13 Mei 2012



## Inhoud


### Artikels

Ons gesels met: aktrise Christi Panagio .................................. 3
Help jou kind wanneer hy misluk .............................................. 4
Pienkvoet Pret: Spieëltjie-spieëltjie! ......................................... 5
Kuns: Maak 'n kreatiewe potloodhouer! .................................. 6
*My Favourite Things* Baba- en kindermark ............................. 7
Oulike produkte: Spiertier die Mier .......................................... 8
Oulike foto's ............................................................................ 9

### Vir die kleingoed

Storie: Lekkerbekkie speel wegkruipertjie .............................. 1
Inkleurprentjie ......................................................................... 2
Speletjie: doolhof .................................................................. 10

### Bak en brou

Resep: Marshmellow strooitjies ................................................ 6

### Kompetisie

Wen 'n Vier wense Storie-CD .................................................. 10

Bestelvorm ................................................................................ 11


Foto: Heline Bekker Photography | www.helinebekker.co.uk

## 'n Lekkerbekkie propvol nuwe dinge!

Baie dankie aan almal wat al meer as 'n jaar lank ons maandelikse uitgawes lees, en almal wat elke uitgawe met soveel mense moontlik deel! Dit was ons droom om 'n GRATIS tydskriffie van hoë gehalte te skep vir Afrikaanse ouers en kleuters, en daarom brei ons steeds gereeld ons inhoud uit. Stuur dit gerus vir julle vriende aan. Lekkerbekkie is gratis en dit gaan gratis bly!

Ons het kontak gemaak met Nico en Christi Panagio om te hoor hoe dit met hulle kleinding gaan – lees gerus ons onderhoud met Christi op bladsy 3. Ons gesels met die mamma agter die "My Favourite Things" baba- en kindermarkte in die Kaap, maak "marshmellow-strooitjies", en deel praktiese raad oor hoe jy jou kind kan help om mislukking te hanteer. Lees ook meer oor ons nuutse kinderstorie-CD "Spiertier die Mier" – voorgelees deur bekende akteur, Gys de Villiers!

As jou kind mal is oor stories moet jy dit beslis oorweeg om by ons Lekkerbekkie STORIEKLUB aan te sluit. Voltooi net die maklike aanlyn-vorm op bladsy 11 en ontvang elke maand jou keuse van storie-CDs in die pos.

**Groete uit die kantoor**
**Anna Emm**










© Anna Emm Productions 2012

# Lekkerbekkie speel wegkruipertjie



Vandag is ‘n heerlike dag in die donker bos. Lekkerbekkie Muis en sy dieremaatjies speel wegkruipertjie. Dit is Lekkerbekkie Muis se gunsteling-speletjie!

Die hasies kruip onder die groot blare weg. Net hulle wollerige stertjies steek uit. Hulle wag en wag, maar niemand kry hulle nie. “Ons het ‘n goeie wegkruipplek!” fluister hulle.

Petrus Padda wikkel hom onder die modder teen die wal van die stroompie in. Net sy ogies steek uit! Hy wag en hy wag, maar niemand kry hom nie. “Dit is die heel beste wegkruipplek hierdie!” lag hy saggies.

Ella Eend gaan staan agter die dik boomstam. Sy staan doodstil. Net haar stertveertjies steek uit agter die boom. Sy wag en sy wag, maar niemand kry haar nie. “Dis omdat ek so goed kan wegkruip dat niemand my kry nie,” dink sy tevrede.

Lekkerbekkie Muis kruip ook weg. Hy kruip in die hol stomp onder die bome weg. Niemand kan hom sien nie. Hy loer deur ‘n gaatjie in die stomp. Maar niemand kom nie. Hy wag en hy wag.

“Wat maak jy daar in die stomp, Lekkerbekkie Muis?” vra Oupa Uil daar bo uit die boom. “Moet jy dan nie saam met die ander diertjies wegkruipertjie speel nie?”

“Sjuut, Oupa Uil!” fluister Lekkerbekkie Muis. “Natuurlik speel ek saam met die ander diertjies wegkruipertjie! Dis hoekom ek so doodstil hier in die hol stomp sit. Ek kruip weg!”

Maar nou lag Oupa Uil tog te lekker! Hy lag en lag dat sy magie so skud.

“Ai, Lekkerbekkie Muis!” sê Oupa Uil. “Jy moenie wegkruip in die stomp nie! Dis dan JOU beurt om die ander diertjies te soek! JY is die een wat tot tien moet tel en JY is die een wat dan moet gaan kyk of jy hulle kry! As jy hier in die stomp wegkruip, is daar niemand wat soek nie.”

“O aarde!” sê Lekkerbekkie Muis en sy ogies rek groot. Hy het skoon vergeet dat dit sy beurt is om die ander diertjies te gaan soek! Hy wip by die boomstomp uit en draf deur die bos. Agter die dik boomstam sien hy ‘n stertveertjie uitsteek. Dis Ella Eend! By die rivierwal steek twee ogies uit, en ‘n glibberige lyfie wikkel onder die modder. Dis Petrus Padda! Die groot blare onder die bome roer en beweeg, en nou sien Lekkerbekkie Muis twee wollerige stertjies uitsteek!

“Dis die hasies! Ek sien julle ook!” roep hy opgewonde. “Ek het AL die diertjies gekry!”

Nou is dit weer Lekkerbekkie Muis se beurt om te gaan wegkruip. Hy is seker niemand sal hom kan kry nie. Sy wegkruipplek is die beste wegkruipplek in die hele bos! Ek wonder of jy kan raai waar hy is?

**Die Einde**

*Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (12) en Mila (1).*
***www.annaemm.co.za***



© Anna Emm Productions 2012

# Lekkerbekkie speel wegkruipertjie

Kleur in






© Anna Emm Productions 2012

# Aktrise Christi Panagio... oor ma-wees

Ons het vir Christi Panagio leer ken saam met haar man, Nico Panagio, as Karien en George in 7de Laan. Hulle het onlangs ook die trotse ouers van 'n prag dogtertjie, Evah, geword. Lorraine du Toit het met Christi gesels oor hoe haar lewe se koers aangepas het.

**Hoe het jou en Nico se verhouding verander met die toevoeging van 'n nuwe asempie in die huis?**
Ek dink die enigste ding wat regtig verander het is die feit dat ons minder kwaliteit tyd saam het. Kinders verg al jou aandag en dis maklik om in n "besige" groef te val. Ons mis mekaar en ons alleen oomblikke saam, so dis belangrik om alleen-tyd saam 'n prioriteit te maak. Behalwe vir dit het Evah ons spiritueel net nog nader aan mekaar gebring.

**Watter dinge doen jy en Nico om tyd met mekaar te spandeer?**
Ons maak seker dat ons n *babysitter book* vir die sogenaamde *date nights*! Wanneer jy 'n baba het is selfs net n fliek-aand n groot *treat*!

**Julle is baie besig, Hoe het julle roetine verander om al die nuwe dinge rondom 'n baba te kan akkommodeer?**
Ek het begin nee sê vir werk, veral dié wat lang ure en baie reis verg. Ek het wel steeds baie werk in Gauteng (waar my familie is), so ek vat net vir Evah saam- die perfekte kans vir haar om tyd met haar ouma, tannie, en niggies deur te bring.

**In watter ontwikkelingsfase is Evah nou? Wat is jou grootste uitdaging(s) in hierdie ontwikkelingsfase?**
Sy is nie meer n baba nie en word nou 'n klein mensie; is definitief baie skerp en oplettend. En sy praat en sing aanhoudend. My grootste uitdaging as voltydse ma is om haar konstant gestimuleer te hou!

**Mens se perspektief verander wanneer jy 'n ma word. Hoe het jou uitkyk op die lewe verander?**
Daar is nie meer *gaps* vir *road rage*, skrik vir 'n spinnekop, of kwaad raak vir die Vodacom ou op die lyn nie - sy sien alles, *copy* alles, en word geaffekteer deur alles! Ek besef dat ek NOU die ma moet wees wat ek altyd gedink en gedroom het ek sal wees, dat dit 'n *HUGE* verantwoordelikheid is, en dat dit my kind se lewe en perspektief gaan vorm.

**Daar is gewoonlik 'n klomp goed wat jy vir jouself belowe jy nooit sal doen nie, maar ma-wees kom en verander dit. Wat is hierdie dinge wat jy nou *juis* doen?**
Ek is n getroue slaapkous en weet my lyf het ten minste 8 ure 'n aand nodig. Ek belowe myself elke liewe oggend as Evah 6 uur wakker word dat ek vanaand vroeg in die bed gaan klim... en elke aand breek ek daai belofte!

**Met watter projekte is jy en Nico nou besig?**
Ek voer tans n *vintage stationary* reeks in en is steeds besig met al my verantwoordelikhede as Garnier se *spokesperson*. Nico begin binnekort weer vir *The Wild* op MNET skiet, en het ook sy eie invoermaatskappy wat hom besig hou.

**Met Nico wat nou met Semi-Soet 'n groot projek aangepak en afgehandel het, watter hulp het jy gehad om julle lewe makliker te maak met Evah?**
My ma en sussie woon in Pretoria



so ek was op my eie met dié een. Ek het nes Nico, met Evah, my eie groot projek aangepak en afgehandel!

**Jy is so 'n invloedryke en positiewe mens. Is daar iets wat jy graag vir die mammas in Suid-Afrika wil sê?**
Dis baie belangrik om eerlik te wees oor moederskap - dit verander jou lewe en is baie veeleisend. Wat my persoonlik 'n beter ma maak, is om te bid. Net soos n mens kan bid vir 'n *great* verhouding met jou man, kan jy bid vir die kind van jou drome! Ek bid vir wysheid, vir krag, en vir geduld, sodat ek presies weet hoe om my kind te hanteer om haar die kind van my drome te maak. Ek dink ons as ouers moet pasop daarvoor dat ons kinders ons nie beheer nie - ons moet ons rol as ouer en rolmodel aanvaar, en met deursettingsvermoë aanpak.

**Wat is julle drome vir Evah; wat wens julle vir haar toe?**
Ek wens dat sy baie vroeg in haar lewe sal uitvind wat haar doel is, dat sy verseker sal wees van haarself as wonderlike mensie, dat sy nie tyd sal mors met die dinge wat die wêreld as sukses beskou nie, dat sy al op 'n jong ouderdom geseën sal word met wysheid, en dat sy altyd die groter prentjie in die lewe sal raaksien.




© Anna Emm Productions 2012

# Help jou kind wanneer hy misluk…



In vandag se kompeterende wêreld leer kinders vroeg al om hulle selfbeeld aan hulle prestasies te koppel. Hulle word dan groot met 'n vrees vir mislukking, en vermy heelwat dinge wat hulle lewens moes verryk het, in 'n poging om mislukkings uit te skakel.

Omdat mislukking altyd deel van hulle lewens sal wees, is dit belangrik om hulle nie daarteen te probeer beskerm nie, maar om hulle eerder te help om dit te hanteer wanneer hulle wel misluk. Ons wil almal hê ons kinders moet gelukkig wees en daarom probeer ons hulle beskerm teen situasies waarin hulle dalk mag misluk of teleurgestel kan word. In werklikheid doen ons hulle 'n onreg aan, omdat hulle slegs deur moeilike situasies en mislukkings die vaardighede kan aanleer wat hulle in die toekoms sal help om in onaangename omstandighede en ten spyte van spanning te funksioneer.

Hulle moet weet dat dit normaal is om te misluk, en dat jou aanvaarding en liefde van hulle as mens nie afhang van hulle suksesse nie. Mislukkings moet eerder gesien word as geleenthede om te leer en te verbeter, en om te ontdek waar hulle talente lê.

Moenie verskonings maak, terg of die mislukkings ignoreer nie. As jy wil troos, doen dit eerder deur drukkies en lof vir die poging. Maar moedig jou kind aan om weer te probeer en prys hom vir die pogings, nie vir die uitkomste nie. Verseker hom dat jy lief is vir hom al misluk hy, omdat jy lief is vir wie hy is en nie vir wat hy doen nie. Leer hom om sy mislukkings te evalueer deur hom te vra waarom hy dink dit nie gewerk het nie. Laat hom self aan planne dink om die volgende poging beter te maak, en moenie dit namens hom oplos nie.

Bou sy selfbeeld deur vir hom makliker takies te gee waarin hy sukses kan behaal voordat die groot een weer aangepak word. Onthou, jou kind leer uit jou hantering van jou eie mislukkings! Deel jou mislukkings met hom en vertel hom hoe jy dit gehanteer het.

Die belangrikste is om die angel uit mislukking te haal en jou kind te leer om nie bang daarvoor te wees nie.



Die storie "Daar was eenmaal 'n kewertjie" help kinders wat soos 'n mislukking voel.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R40 per CD!

Kies van 24 onderwerpe



www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS



is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie, 'n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.



| | |
|---|---|
| CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING | CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING |
| CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER | CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING |
| CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING | CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL |
| CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS | CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE |
| CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA | CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD |
| CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES | CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING |
| CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE | CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND |
| CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG | CD20: Sewe klein katjies - TERG |
| CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS | CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER |
| CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE | CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS |
| CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK | CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING |
| CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND | CD24: Bang Bennie - VREES |

R40 per dubbel CD / R650 vir die volledige reeks op 6 CDs
www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

waar grootword kinderspeletjies is

# Spieëltjie-spieëltjie!

deur
Anelia Prinsloo



Het jy geweet 'n spieël kan nogal handig te pas kom as dit by die stimulering van jou baba kom?!
Hier is 'n paar prettige idees wat jy en jou kleingoed alles met 'n spieël kan doen:

• Installeer sommer van die begin af 'n **vollengte spieël** in die babakamer, ongeveer 10cm van die vloer af. Vanaf 3maande kan jy baba teenaan die spieël in sy sitstoeltjie sit. Hulle geniet die geselskap van die "ander baba" vreeslik, en sal selfs met hom probeer gesels. Tel baba op jou skoot voor die spieël, en beweeg hom kant toe, asook op en af. Kyk of hy homself in die spieël kan volg. 'n Goeie **oog-oefening**.

• Wanneer baba begin kruip, kan jy hom so twee meter voor die spieël sit sodat hy na sy "maatjie" toe moet kruip in die spieël.

• Wanneer hul reeds kan **staan** is dit vir 'n baba heerlik om met sy "maatjie" in die spieël te kuier en te gesels. Hy slaan hom, soen hom en sy "maatjie" is altyd daar.

• Vanaf 'n jaar kan jy begin om vir jou baba **liggaamsdele** aan te leer. Dan kan hy ook voor die spieël vir jou wys waar is sy neus, hare ens. 'n Spieël is dus 'n MOET as dit kom by die aanleer van jou kind se **liggaamsbeeld**.

• Plak **plakkers** op jou kind se gesig en laat hy dit aftrek terwyl hy in die spieël kyk- 'n baie humoristiese aktiwiteit!

• Sit vir hom 'n hoed, spons, boontjiesakkie ens. op sy kop terwyl hy in die spieël kyk. Kyk of hy dit self kan afhaal. Weereens, fantasties vir **liggaamsbeeld**.

• Groter kinders is baie lief daarvoor om met seepvetkryt op die spieëls te **teken**. Dit is 'n lekker groot,gladde oppervlak om op te werk, en kan maklik met 'n nat lappie afgevee word.

• 'n Heerlike **mors** aktiwiteit is om skeerroom, tandepaste of vingerverf op die spieëls te smeer en daarmee te teken.

• Om klein vingertjies sterk te maak, kan jy prentjies of koerantpapier met kleeflint op die spieëls plak, sodat baba dit self moet aftrek.

• Wanneer kinders groter word is dit ook belangrik om hulself vollengte in 'n spieël te kan sien. Weereens, belangrik vir **liggaamsbeeld**. Laat hul voor die spieël aantrek, tande borsel en hare kam. Vra hul ook vrae soos "Watter kleur is jou hempie?" Hoeveel arms het jy? ens.

• Klein **handspieëltjies** werk net so lekker. Laat hul daarin kyk en opdragte uitvoer soos "Steek uit jou tong", "Wys my jou tandjies" ens.

• Met die handspieëltjies kan jy ook **moeiliker opdragte** gee soos "Kyk hoe vuil is dit onder jou voete", "Kyk of jy vir pappa langs jou in die spieël kan sien", "Kyk na die dak" ens.


• Wys ook vir hul hoe om die son se strale in die spieël te reflekteer om liggies teen die muur en dak te maak. Hulle geniet dit verskriklik baie!!!!

Ek nooi jou uit om 'n gratis les te kom bywoon by **PIENKVOET-PRET** hier in Silver Lakes, waar ons al spelende leer. Babas tussen 3 maande en 3 jaar woon die klas saam met mamma by. Ons leer jou hoe om jou baba speel-speel te stimuleer en gee vir jou wenke en idees wat jy tuis kan herhaal.
*Besoek gerus ons webwerf by www.pienkvoetpret.co.za*






© Anna Emm Productions 2012




Hierdie is 'n maklike projek om aan te pak, met allerhande goeters wat jy alreeds in die huis het. En dan is dit ook 'n bruikbare item, en nie net nog iets wat in die kamer rondstaan nie!

**Benodig:**
skoenboks met 'n los deksel
gekleurde papier of
geskenk-papier
kleeflint
gom
sker of mes
koki's

**Metode:**
1. Trek die skoenboks en die deksel oor met die gekleurde papier van jou keuse

2. Knip vormpies soos blomme, mannetjies, diertjies en kolle uit en plak op die kante van die onderste deel van die skoenboks.

3. Gebruik 'n skêr of mes en maak 'n klompie ronde gaatjies in die deksel van die skoenboks. Dit word gebruik om jou potlode of inkleurkryte in te druk.
Vra mamma se hulp as jy met die skêr of die mes werk.
Maak seker die gaatjies is nie te groot nie, anders gaan die potlode deurval!

4. Skryf jou naam op die kant van die boks, sodat jou en sussie s'n nie deurmekaar raak nie!

5. Sit nou al jou skryfbehoeftes wat jy gereeld gebruik binne-in, soos jou skêr, gom, skerpmaker, uitveër….

## Resep

Met die winter wat stadig naderkruip, gebruik enige sonnige dag om selfs net 'n koeldrank op te kikker!

**Bestanddele**
1 "slab" sjokolade
1 pak malvalekkers
1 pakkie Tennis beskuitjies
strooitjies
waspapier
koeldrank

**Metode**
• Druk die malvalekker op 'n strooitjie. Moenie dit heeltemal deurdruk nie.
• Sit 'n paar tennis beskuitjies in 'n plastieksakkie (sonder gate!), en maak dit fyn met 'n koekroller of groot lepel. Gooi dit uit in 'n bord.
• Om die sjokolade te smelt, sit 'n pot met kookwater op die stoof en plaas 'n kleiner potjie binne-in waarin jy die sjokolade gaan smelt.
• Smelt die sjokolade op lae hitte. Sodra die sjokolade loperig is, haal dit van die hitte af. Dit is belangrik dat jy nie die sjokolade te lank laat smelt nie, anders kook dit, raak hard en te moeilik om die malvalekkers in te doop.
• Doop die malvalekkers in die sjokolade, en maak seker die hele malvalekker is bedek met sjokolade. Gebruik 'n teelepel om te help met die smeer.
• Terwyl die sjokolade nog nat is, rol die malvalekkers in die tennisbeskuitjie krummels.
• Sit dit dan op waspapier op 'n bordjie en sit dit vir 'n uur of so in die yskas, tot die sjokolade heeltemal hard is.

Skink 'n glas van jou gunsteling koeldrank, en plaas dan die strooitjie met die malvalekker bo-op daarin.
Jy kan die strooitjies knip vir korter glase. Jou eie malvalekker mengeldrankie!



© Anna Emm Productions 2012

# *My Favourite Things* Baba- en kindermark

Wat as 'n idee ontstaan het om die behoeftes van ander mammas aan te spreek, het ontwikkel en gegroei tot die volskaalse, kwaliteit *My Favourite Things Baba- en kindermark*. **Helena van den Berg**, die passievolle hart agter die mark, het met ons gesels.

**Vertel ons meer van jou markie. Wie is jou teikenmark?**
*My Favourite Things* Baba- en kindermarkies word gehou op verskillende plekke oor die Wes-Kaap. Ons stalletjies verkoop slegs baba- en kinderprodukte, of bemark slegs dienste van toepassing op hierdie mark, m.a.w. ons besoekers is jong families, veral swanger vrouens, of ma's met babas tot voorskoolse kinders, en natuurlik oumas!

**Waar het die idee van die markie ontstaan?**
Ek het so 'n paar jaar terug 'n *website* (http://www.myfavouritethings.co.za ) begin waar mammas hul *Favourites* kan deel, van produkte, tot raad en plekke. Mense het my gereeld gekontak om te vertel van produkte wat hulle self maak of verkoop, en die idee het ontstaan om 'n markie te skep waar hulle dit kan verkoop. Daar is baie markte in die Wes-Kaap en regoor die land, maar nie wat spesifiek en slegs gerig is op hierdie teikenmark nie. Die uitstallers geniet die unieke blootstelling baie – om nie te hoef meeding met kos of ander produkte nie. Die uitstallers beman self hul stalletjies en dit maak dit baie interaktief.

**Hoe het die konsep rondom die markie al verander, noudat jy al 'n paar markies agter die rug het?**
Ons het in ons huis en tuin begin, maar gou gesien dat daar 'n groot aanvraag van uitstallers is, asook besoekers. Toe het ek begin soek na kindervriendelike persele wat hierdie blootstelling soek. Die idee is dat ons rondbeweeg en vir uitstallers blootstelling op verskillende plekke gee; terwyl hul saam met 'n bestaande en bekende mark kan "rondreis". Ons besoekers wil graag vertoef en ons voeg nou wel kos en vermaak by die markie, asook gratis demo kinderklassies, en praatjies oor 'n verskeidenheid relevante temas. Ek besef ook dat hoewel elke uitstaller verantwoordelik is vir sy eie verkope, 'n sentrale kredietkaartmasjien sal help.

**Watter deel van die organisasie en aanbied van die markie is vir jou die lekkerste deel?**
Verseker die kontak met die uitstallers! Om nuwe mense en hul produkte te ontmoet en die opgewondenheid daarvan met hulle te kan deel. Ek geniet dit om vir hulle 'n geleentheid te skep waar hulle blootstelling en bemarking kan gee daaraan.

**Wat is die uitdagings vir jou met die reël van so 'n markie?**
Tyd. Ek het drie kleintjies, 5, amper 3 en pas 1. Ek spandeer baie tyd agter die rekenaar. Gelukkig kan hulle saamgaan markies toe, want ek probeer dit so veilig en kindervriendelik moontlik hou.

**Wat is die tipe produkte wat jy tipies by 'n "My Favourite Things" markie sal vind?**
Ek gee voorkeur aan Suid-Afrikaanse produkte, hier vervaardig en/of ontwerp. Die stalletjies wissel van handgemaakte, gehekelde mussies, tot die ongelooflikste klerereekse, skoene, sakke, juwele, baba- en kinderprodukte, beddegoed, *mobiles*, kindervriendelike vakansieplekke, kinderfotograwe, speelgoed en kinderboeke.

Enige relevante produk of diens is welkom. Ek wil geleentheid skep vir nuwe produkte en besighede, eerder as bestaande maatskappye wat van oorsee af inkom.




MICHELLE WIESE | PHOTOGRAPHER | 082 897 6270
www.michellewiesephotography.blogspot.com

**Hoe sien jy die toekoms van jou markie?**
Ek wil graag nog nuwe persele ontdek, waar ons dwarsdeur die jaar op 'n roterende basis by verskeie plekke kan markies hou. Ek hoef nie groter markies te hou nie, maar net meer gereeld op meer verskillende plekke.

**Mense wat graag die markies wil besoek, waar kan hulle vir jou kom opsoek?**
Ons was nou twee keer in Durbanville. Ons volgende mark is op **12 Mei** in die Paarl by **d'Olyfboom, 14 Napierstraat,** en dan in die **Junie skoolvakansie** by **High Street Shopping Village** terug in Bellville waar ons gaan saamwerk met hulle om 'n hele verskeidenheid aktiwiteite by die markie te voeg.

**Hoe kan die mense jou kontak as hulle wil aansoek doen om 'n uitstaller te wees?**
Epos my by helena@myfavouritethings.co.za met besonderhede oor jou produkte of diens en gaan loer gerus op my Facebook blad vir meer inligting en foto's van vorige markies.

https://www.facebook.com/pages/My-Favourite-Things/102963276417979

Ek is ook besig om my *website* oor te doen sodat daar baie meer inligting oor die markies daarop sal verskyn.


**Speelgoed... met hulle eie stories!**






Kry jou Lievelant sagte speelding en storie-CD met 4 stories vir R200 by www.AnnaEmm.co.za / lekkerbekkie@annaemm.co.za / 021 911 5618

© Anna Emm Productions 2012

# Gys de Villiers span kragte saam met ander bekende akteurs… en neem kinderstories vir Anna Emm Productions op!

Akteur, Gys de Villiers, is die nuutste bekende naam om hom by die voorlesers van Anna Emm se kinderstories te voeg. Hy het spesiaal 'n tydjie afgeknyp tydens sy speelvak by die Baxter teater in die verhoogstuk, "Doodsnikke" saam met Anna-Mart van der Merwe, om 'n draai in die studio te kom maak!

Die CD "Spiertier die Mier" vorm deel van 'n reeks storie-CDs deur bekende akteurs, waarmee Anna Emm Productions reeds in Januarie hierdie jaar afgeskop het. Die stories gaan oor 'n miertjie wat op 'n plaas in die middel van nêrens woon. Op 'n dag help die miertjie 'n engel wat haar goue sandaal verloor het, en as beloning bied sy vir hom 'n fles suikerklontjies aan. Maar dis nie gewone suikerklontjies nie, sou die miertjie gou uitvind – wanneer hy een van die suikerklontjies in sy kies sit en daaraan begin suig, word hy vreeslik sterk! Dan word hy Spiertier die mier, en kan hy enigiets doen…

In die tweede storie op die CD moet Spiertier die mier vir ou "Slang die sleg" 'n les leer, en in die derde storie help hy die skilpaaie toe "Aaklig die aasvoël" die skilpadeiers steel. In die laaste storie op die CD is daar 'n dief op die plaas wat die hoenders steel, en die diere vra vir Spiertier die mier om te help. Maar daar wag 'n verrassing op die miertjie…

Gys de Villiers se unieke "rasperstem" gee lekker atmosfeer en unieke karakter aan hierdie plaasstories, en die CD is beslis 'n móét vir elke Afrikaanse kind se storie-versameling!

Ander CDs in die reeks is "Speurder Morris Muis" voorgelees deur Antoinette Louw, "Die Apies" voorgelees deur Vicky Davis, "Vier Wense" voorgelees deur Dorette Potgieter, en "'n Honger Gormajors" voorgelees deur Anrich Herbst. Al hierdie CDs is reeds beskikbaar by Anna Emm Productions teen R80 elk.

*Besoek www.AnnaEmm.co.za vir meer inligting oor Anna Emm Productions se produkte of kontak 021 911 5618.*






© Anna Emm Productions 2012

# My troeteldier, my beste maatjie!

Ons lesers deel hulle foto's - elkeen van hierdie maatjies wen 'n geskenkbewys vir 'n storie-CD!



Zuanè Moir & Tinkerbell



Linelle Stofberg & Bruno



Almarie Joubert, Tessa & Marley



Hephzia Vos & Thumper




Règan Truter & Coco



Joshua Laurence & Jessie



Phillip van der Walt & Levi



Zander Enslin & Babatjie




Chantè Cordier & Brutus



Lise-Marie Schoeman & Thandi



Georgia Kok & Kerneelsie




Anika de Bruyn & Buksie

© Anna Emm Productions 2012

# Help vir Kallie Konyn om by die sappige wortel uit te kom!







**Gryp 'n potlood en soek die paadjie wat Kallie Konyn moet neem om by die sappige wortel uit te kom!**
**Pasop vir die mure waarteen jy dalk mag vashardloop!**

## Kompetisie




Drie gelukkige lesers kan hierdie maand elk die CD, "Vier Wense", voorgelees deur Dorette Potgieter, wen (waarde R80).

Volg die avonture van Lia en haar boksie Smarties! Vraag: Noem die stories wat op Storieklub CD 24 verskyn. (Antwoord by www.AnnaEmm.co.za)

**Hoe om in te skryf:**
Stuur 'n epos met jou naam, kontaknommer, posadres en die antwoord op die vraag na lekkerbekkie@annaemm.co.za

Slegs een inskrywing per persoon!

Sluitingsdatum: 25 Mei 2012. Die wenners sal in die volgende uitgawe van Lekkerbekkie bekend gemaak word.

## April se wenners! Boekie Kompetisie




**Baie geluk aan die wenners van April se kompetisie!**

Anzèl Jordaan (4jr) van Rawsonville, Adriaan (6jr), Schalk (4jr) en Nerine (6mnde) van der Merwe van Oudtshoorn, Mieka Blom (2jr) van Langebaan, Eduan Naudè (17mnde) van Keetmanshoop en Pierre Scalliet (6jr) van Menlo Park is die gelukkige wenners wat die boekie "Vanaand as ek slaap gaan ek vlieg oor die see" van Anna Emm Productions ontvang! Lekker lees!
www.annaemm.co.za





**bekende kinderstories**

CD 1 stories:
1. Die drie varkies
2. Die gemmerbroodmannetjie
3. Die goue gans
4. Die drie rammetjies rof
5. Rooi kappie
6. Die paddaprins

R100 elk
by
mail@annaemm.co.za
www.AnnaEmm.co.za

CD 2 stories:
1. Gouelokkies en die drie bere
2. Die musikante van Bremen
3. Die koning se nuwe klere
4. Die prinses en die ertjie
5. Die ses diensknegte
6. Die gestewelde kat



Kliek op die "fields" om jou inligting in te vul. Kliek dan "stuur" om die vorm aan ons te stuur.

# STORIEKLUB LIDMAATSKAP-VORM:

Naam van Rekeninghouer: ______________________________

Posadres vir pakkies: ______________________________

Huis nr: ____________ Sell: ____________ Epos: ____________

## Ek wil aansluit by die STORIEKLUB vir 6 maande en kies die volgende pakket:

NB: Alle pryse sluit posgeld in vir 'n verwysingsnommer-pakkie, behalwe die eerste opsie (R79) wat met gewone pos gestuur word.

| Pakket | Maandelikse fooi | Maandelikse pakkie sluit in |
|---|---|---|
| ☐ **STORIEKLUB BASIES** | **R79** per maand | **1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80 |
| ☐ **STORIEKLUB BASIES** *met "tracking nr* | **R99** per maand<br>Namibië = R105 | **1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80 |
| ☐ **STORIEKLUB DUBBEL-80** | **R159** per maand<br>Namibië = R179 | **1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80<br>**1 x A-lys CD** van jou keuse (4 stories) waarde R80 |
| ☐ **STORIEKLUB DUBBEL-100** | **R179** per maand<br>Namibië = R199 | **1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80<br>**1 x B-lys CD** van jou keuse (6 stories) waarde R100 |
| ☐ **STORIEKLUB DELUXE** | **R249** per maand<br>Namibië = R295 | **1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80<br>**1 x A-lys CD** van jou keuse (4 stories) waarde R80<br>**1 x B-lys CD** van jou keuse (6 stories) waarde R100 |

## My keuse van CDs:

(Daar word maandeliks nuwe CDs vrygestel. Jy mag jou keuse van produkte later telefonies verander, en nuwe produkte kies)

| *A-lys (4 stories per CD)* | *B-lys (6 stories per CD)* |
|---|---|
| ☐ Doefdaf die donkie (4 stories) Lorraine du Toit | ☐ Jakkals en Wolf CD 1 (6 stories) Hanri Platzoeder |
| ☐ Speurder Morris Muis (4 stories) Antoinette Louw | ☐ Jakkals en Wolf CD 2 (6 stories) Hanri Platzoeder |
| ☐ Die Apies (4 stories) Vicky Davis | ☐ Bybel Buddies CD 1 (6 stories) Deon Lotz |
| ☐ Vier Wense (4 stories) Dorette Potgieter | ☐ Bybel Buddies CD 2 (6 stories) Deon Lotz |
| ☐ 'n Honger Gormajors (4 stories) Anrich Herbst | ☐ Bybel Buddies CD 3 (6 stories) Deon Lotz |
| ☐ Spiertier die Mier (4 stories) Gys de Villiers | ☐ Bybel Buddies CD 4 (6 stories) Deon Lotz |
| ☐ Lievelant die olifant (4 stories) Lorraine du Toit | ☐ Bybel Buddies CD 5 (6 stories) Deon Lotz |
| | ☐ Bybel Buddies CD 6 (6 stories) Deon Lotz |
| | ☐ Eendag was daar 'n storie CD 1 (6 stories) Deon Lotz |
| | ☐ Eendag was daar 'n storie CD 2 (6 stories) Deon Lotz |
| | ☐ Eendag was daar 'n storie CD 3 (6 stories) Deon Lotz |
| | ☐ Eendag was daar 'n storie CD 4 (6 stories) Deon Lotz |

## Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand oor 'n periode van 6 maande:

Bank: ____________ Tak: ____________ Takkode: ____________ Rek.tipe: ____________

Naamhouer van rekening: ______________________ Rekeningnommer: ______________________

This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above. The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

______________________ Handtekening

stuur

______________________ Datum